DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING, EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE, WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

7.6

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Dr WJH de Koker	Me R Troskie
POSADRES	Posbus 45 Jeffreysbaai 6330	Posbus 4289 Astonbaai 6331
E-POS	sjef@cybersmart.co.za	
FAKSNOMMER	0422960088	-
TEL. WERK	0422962451	-
TEL. HUIS	0422920333	0422920092
SEL.	0834464809	0828570867

	29 September 2008

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) (DATUM)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

1. Die projek waarvoor aansoek gedoen word om finansiële ondersteuning vanaf die Sinode van die Oos Kaap is: **JBay Care Services.** Die projek was voorheen bedryf as 'n suiwer NG Jeffreysbaai bediening onder die naam **SOS,** oftewel: **S**iekes, **O**ues en **S**orgbehoewendes. As deel van ons beplanning om hande te vat met ander rolspelers in die breër gemeenskap van Jeffreysbaai is ons in die proses om die projek as 'n NGO te registreer, en daarom die naamsverandering.

2. Die projek se **missie** is: **Die bevordering van 'n gesonde leefstyl in die gemeenskap van Jeffreysbaai.**

3. **Doelwitte:** Ten einde hierdie missie te bereik is die volgende doelwitte gestel, naamlik om;

† in samewerking met die munisipale kliniek van Jeffreysbaai primêre gesondheidsorg en voedselhulp te lewer aan bejaardes en aan gesinne en individue wat geraak word deur siektetoestande soos MIV/VIGS en sy opportunistiese siektes bv. tuberkulose en longontsteking, beroerte, liggaams- en geestelike gestremdheid, en ander siektetoestande wat in die gemeenskap voorkom;
† ondersteuning aan gesinne wat deur alkohol en dwelmmisbruik geraak word, te verleen;
† kinders wie se ouers oorlede is aan Vigs se versorging te verseker;
† maatskaplike dienste aan kwesbare gesinne te verleen;
† werkskeppingsprojekte daar te stel;
† fasiliteite en 'n administratiewe sisteem daar te stel om bogenoemde dienste suksesvol te bedryf; en
† fondse in te samel om die voorgaande doelwitte te bereik.

4. Die onderskeie **dienste** wat tans gelewer word sluit dus die volgende in:

† MIV/VIGS voorligting, inligting, berading, toetsing, begeleiding in die neem van medikasie, korrekte voeding en ondersteuningsgroepe vir persone met MIV/VIGS;
† hulp aan gesinne met die verkryging van behuising, staatstoelaes en pensioene, en voorligting aan sulke gesinne in die aanwending daarvan,
† die begeleiding van substituut ouers (die persone wat die plek van die gesinshoof moet inneem na die afsterwe van die moeder/vader);
† ondersteuning aan skoliere wat wees gelaat word, en
† samewerking met ander organisasies wat sosiaal maatskaplike dienste in die omgewing lewer, soos wat dit nodig mag wees.

5. Indien ons 'n groter inkomste het sal ons die dienste soos volg kan **uitbrei**:

† werkskepping en aktiwiteitsgroepe om persone in staat te stel om finansiëel onafhanklik te word;
† gesondheidsvoorligting in die algemeen, gerig op die totale gemeenskap van Jeffreysbaai, om 'n gesonde leefstyl vir die gemeenskap te bevorder;
† studiebeurse aan kinders wat wees gelaat word; en
† finasiële vergoeding aan ons "home-based care workers".

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

1. Indien die projek finansiële ondersteuning van die Oos Kaap Sinode ontvang sal die NG Gemeente Jeffreysbaai nie nodig hê om die bedrag wat tans maandeliks gegee word te verhoog nie.
2. Die voedselhulp aan mense kan verbeter word, deurdat ons meer groente kan gee. Die huidige bedrag wat aan groente spandeer word kom uit die vrywillige werkers van die NG Gemeente Jeffreysbaai se sakke, en beloop sowat R150 per week.
3. Die "home-based care workers" kan 'n maandelikse vergoeding ontvang. Hulle word slegs vergoed as daar geld beskikbaar is, en tans het ons nie genoeg daarvoor nie.
4. Ons kan meer mediese voorrade koop. Ons voorsien slegs toonbankmedisyne (Panado's, ens), pleisters en verbande.
5. Dit gebeur soms dat ons mense moet help om 'n plakkershut te bou teen ongeveer R5 000. Ons het nie altyd soveel kontant beskikbaar nie. Ons kry meestal skenkings maar soms moet ons een of twee maande daarvoor wag.
6. Ons kan kinders wat weens die Vigs-pandemie wees gelaat is se skoolgeld en boeke help betaal.
7. Ons kan reklamemateriaal druk om die projek bekend te stel met die oog op donasies.
8. Ons kan 'n kontrakwerker aanstel om ons te help om ons projek as 'n NGO te registreer.

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
1. Tussen 100 tot 120 gesinne in Pellsrus en Tokyo Sexwale word op 'n weeklikse basis deur 6 vrywilligers uit Jeffreysbaai NG Gemeente besoek. By hierdie besoeke word voedsel en mediese voorrade uitgedeel, voorligting gegee, geestelike gesprekke gevoer, en ander vrae beantwoord.	Een maal per week, deurlopend
2. Ons het tans 4 "home-based care workers" in diens wat die gesinne na behoefte besoek, ten minste een maal per week. Die werkers woon in Pellsrus en Tokyo Sexwale en het opleiding ontvang. Wanneer ons geld het betaal ons hulle R600 p mnd.	Ten minste een maal per week, deurlopend

3. Gesinne wat hulp ontvang is deur die munisipale kliniek se personeel na ons verwys. Ons doen dan 'n assesering van hulle nood en ondersteun hulle daarvolgens.	Deurlopend
4. Voorrade word aangekoop of as geskenke ontvang by supermarkte, gemeentelidmate en ander donateurs uit die gemeenskap.	Deurlopend
5. Om fondse uit die sakegemeenskap en by die owerheid te ontvang, het die kerkraad van die NG Gemeente Jeffreysbaai in 2007 begin om die projek oor te dra aan 'n nie winsgewende organsisasie. Daarvoor is 'n NGO-konstitusie geskryf en 'n direksie gevorm. Die direksie bestaan uit lede van die NG Jeffreysbaai en uit lede van die inwonders van Pellsrus en Tokyo Sexwale. Die direksie het twee maal vergader, maar kon weens verskeie redes nie die werk voortsit nie. Dit het intussen moontlik geword om voort te gaan om die projek onder die naam JBay Care Services as 'n NGO te registreer. Die direksie sal weer gevorm word en opdrag kry om die registrasie af te handel. Tot dan word die projek grootliks gefinansier deur die NG Gemeente Jeffreysbaai. Ons hoop dat die registrasieproses in 2009 afgehandel sal wees.	2008 tot 2009

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Rosemary Troskie	NG Gemeente Jeffreysbaai
Erena Slabbert	NG Gemeente Jeffreysbaai
Cilna van Zyl	NG Gemeente Jeffreysbaai
Lappies Laubscher	NG Gemeente Jeffreysbaai
Meisie Pêrels	Congregational Kerk, Pellsrus
Coelie	Pellsrus
Hester	Tokyo Sexwale
Mamma Ester	VGK, Pellsrus
Hantie Malan	NG Gemeente Jeffreysbaai
Willie de Koker	NG Gemeente Jeffreysbaai

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Plat kistipe vrieskas	3
Verder besit ons geen toerusting nie. Ons stoor ons voorrade in ou kategeselokale van die NG Kerk Jeffreysbaai se kerkgebou in Da Gamastraat, en ry die voorrade aan met lidmate se voertuie.	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Alle administrasie word tans deur lidmate uit hulle huise gedoen, of, indien nodig vanuit die kerkkantoor van die NG Jeffreysbaai.	

6.4 ANDER:

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

NOTAS:

1. "BEOOGDE UITGAWES": BEDRAE GEGEE SOOS WAT DIT SAL WEES AS DIE PROJEKAANSOEK BY DIE OOS KAAP SINODE SLAAG.

2. "PROJEKAANSOEK": BEDRAE WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WORD BY DIE OOS KAAP SINODE

3. DAAR IS NOG ANDER UITGAWES VIR DIE PROJEK, MAAR DIT WORD DEUR SKENKINGS EN DEUR DIE NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI GEDRA. OMDAT ONS NIE VIR DAARDIE UITGAWES AANSOEK DOEN BY DIE OOS KAAP SINODE NIE WORD DIT NIE HIER VERMELD NIE.

Begrotingsitems	Huidige uitgawes	Beoogde uitgawes	Projek aansoek
Kruideniersware en toonbankmedisyne	106800	114000	7200
Maandelikse groente	1800	3600	1800

Home-based Care Workers maandelikse toelaag R600 X 4pers X 12mnde	---	28800	28800
Kontrakwerker Registrasie NGO: Eenmalig	---	5000	5000
Drukwerk Reklamepamflette: Eenmalig	---	5000	5000
Skoolgeld en boeke	---	1200	1200
Plakkershut		5000	5000
TOTAAL	**108600**	**162600**	**54000**

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
1 Maart 2009	9750
1 Junie 2009	14750
1 September 2009	14750
1 Desember 2009	14750
Totaal	**54000**

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Aan "NG Gemeente Jeffreysbaai", geoormerk: SOS
Rekeningbesonderhede: ABSA Tjek, Rek no 5170145625, takkode 334 515

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

Indien die hele bedrag nie goedgekeur kan word nie, is die eerste op ons prioriteitslys die "home-based care workers".